higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## MESSEL- EN PLEISTERTEORIE N2

**24 November 2022**

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1

1.1 Die area sal nie baie aantreklik lyk nie,✓ en onkruid en ander plante sal tussen die stene groei.✓ Plaveistene sal los raak weens swak verdigting toe plaveiwerk gedoen is. Die area sal nie waterpas wees nie en versuipte plaveisel sal dus veroorsaak word.✓ (3)

1.2 1.2.1
- Teëlvoegbry
- Teëlsement
- Teëlspasieerders (Enige 2 × 1) (2)

1.2.2
- Teëlmaat
- Teëlsnapper
- Teëlknyper
- Teëlsnyer
- Teëltroffel
- Rubberklophamer (Enige 4 × 1) (4)

1.3 'n Holmuurkonstruksie is 'n muur wat gebou word met twee enkelblaaie wat deur 'n minimum holte of ruimte van 50 mm geskei word✓ en met muurbinte aanmekaar vasgemaak word.✓ (2)

1.4
- Terrazzovloere kan met 'n droë borsel gepoleer word.
- Mop daagliks droog om stofdeeltjies te verwyder.
- Verwyder vlekke met 'n natuurlike skoonmaakmiddel wat in warm water verdun is.
- Mop weekliks.
- Aangesien terrazzo in nat toestande glad is, wend 'n glyvaste afwerking aan nadat dit skoongemaak is.
- Wend van tyd tot tyd 'n nuwe verseëlmiddel aan nadat die ou verseëlmiddel volledig gestroop is.
- Moet nooit terrazzovloere in openbare plekke met was smeer nie.

(Enige 5 × 1) (5)

1.5
- Die helling van die dak
- Die vorm van die gebou
- Die rigting van die rookkanaal in verhouding met die rookkanaaluitlaat.
- Die posisie van deur- en vensteropeninge
- Die nabyheid van bome en/of ander geboue (Enige 4 × 1) (4)

1.6 'n Kortelingsteier is steierwerk met slegs een ry staanders✓ wat nie alleen kan staan nie.✓ (2)

**[22]**

## VRAAG 2

2.1
2.1.1 Waar
2.1.2 Onwaar
2.1.3 Waar
2.1.4 Onwaar
2.1.5 Waar
2.1.6 Onwaar

(6 × 1) (6)

2.2
- Gebruik altyd die vereiste PBT.
- Gebruik ’n masker wanneer vuurvaste stene gesny word.
- Maak die stene nat om stof te verminder voor die snywerk begin.
- Hanteer vuurvaste stene in ’n area met goeie ventilasie.
- Gooi afvalmateriaal slegs in goedgekeurde stortterreine weg
- Gebruik druklug om die area skoon te maak. (6)

2.3
- Die profielvorm moet van dieselfde vorm, grootte en profiel wees.
- Die korrekte soort materiaal moet vir vervaardiging gebruik word.
- Moet duursaam wees om toe te laat dat verskeie vormafdrukke vervaardig kan word.
- Moet geskik wees vir die posisie waarin die lyswerk moet loop.
- Profielvorms moet maklik wees om te gebruik en vir hulle doel geskik wees. (5)

2.4
- Keer dat water na die binnekant van die kamer indring.
- Dit verbeter die stabiliteit van die mure.
- Twee verskillende soorte bakstene kan gebruik word.
- Die ingeslote lugruimte dien as isolasie. (4)

**[21]**

## VRAAG 3

3.1



**Eerste laag of tweede laag**




**Plan van afwisselende lae van 'n hoek in 'n 270 mm-holmuurkonstruksie in strykverband**
**Skaal 1:10**

Puntetoewysing vir die tekening (óf eerste óf tweede laag):

| | |
|---|---|
| Lynwerk | 1 punt |
| Korrektheid van laag en omlope | 3 punte |
| Titel | 1 punt |
| Netheid | 1 punt |
| Skaal aangedui | 1 punt |
| Muurbinte | 1 punt |
| **TOTAAL:** | **8 punte** |

(8)

3.2
3.2.1 C
3.2.2 D
3.2.3 A
3.2.4 D
3.2.5 A
3.2.6 C

(6 × 1) (6)
**[14]**

## VRAAG 4

4.1
- Grondtoetse moet uitgevoer word om die korrekte soort fondament te bepaal.
- Gebruik slegs SABS-goedgekeurde materiale.
- Gebruik goeie vakmanskap.
- Monitering en inspeksie moet voor en ná konstruksie uitgevoer word.
- Goedgekeurde tekeninge en spesifikasies moet gebruik word.
- Bekisting moet in plek gehou word totdat beton sy sterkte verkry het.
- Implementering van streng boetes moet toegepas word vir swak materiale en vakmanskap. (Enige 5 × 1) (5)

4.2 Die leer moet teen 'n veilige hoek geplaas word.✓ Die gebruiker moet met die gesig na die leer staan✓ en ten minste een hand vry hê✓ om 'n stewige greep te behou. Die liggaam moet in die middel tussen die style gehou word om te keer dat die gebruiker agteroor val.✓ Plaas die bal van die voet op die sporte.✓ Sorg dat glyvaste skoene gedra word.✓ (Enige 5 × 1) (5)

4.3 4.3.1 'n Pilaster is 'n reghoekige penant,✓ soms gegroef, wat uit die muurvlak uitsteek.✓

4.3.2 'n Kolom is 'n regop ronde skag wat uit beton, bakstene of steen gemaak word.✓

4.3.3 Entasis is die swelling na buite van die skag✓ van die kolom.✓
(3 × 2) (6)

4.4
- Ruitjiesmaas-plaatgaaswerk
- Web-plaatgaaswerk
- Binnehoek-plaatgaaswerk
- Papierbeginstroke
- Asfaltagterwerk (5)

**[21]**

## VRAAG 5

5.1
- Kleiplaveistene
- Betonplaveistene (2)

5.2
- Dit is in verskeie kleure beskikbaar.
- Dit roes nie.
- Die kraak of breek nie maklik nie.
- Dit is UV-bestand.
- Dit verkleur nie.
- Dit is lig in gewig.
- Dit is relatief goedkoop. (Enige 5 × 1) (5)

5.3
- Om die herhaling van vertikale voeë in opeenvolgende lae te breek
- Om dwarsstabiliteit te verseker
- Om weerstand teen sydruk te bied
- Om die muur te versterk
- Om te sorg dat laste oor die hele muur versprei word
- Vir steenwerkeenhede om in 'n enkele strukturele eenheid inmekaar te pas

(Enige 6 × 1) (6)
**[13]**

## VRAAG 6

- Tydraamwerk van aflewerings om afgelaai te word
- Die beskikbaarheid van toerusting
- Is die beton gereed?
- Is ambagspersone gereed om te begin?
- Is al die belangrike veiligheidstekens sigbaar?
- Is die uitlê van die gebou in orde?
- Goedkeuring van fondamente
- Weersituasies
- Bewustheid van leweringsdatums
- Is die kontrakteur bewus van die teikenvoltooiingsdatum?

(9)
**[9]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou